

# R15m belastingvrye drank terug op die mark herwin

**Tshwane, 7 September 2021** – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD), met die ondersteuning van die alkoholbedryf, het 'n pakhuis in Mpumalanga ontmasker waar belastingvrye drank ter waarde van R15 miljoen terug op die mark herwin word.

Meer as 12 700 kaste belastingvrye alkohol is op die perseel gevind en op beslag gelê na 'n jaarlange ondersoek.

SARS- en SAPD-beamptes het ook toerusting gevind waarmee die oorspronklike produkte aangepas is. Die bottels en die bokse waarin dit vervoer is het etikette wat aandui dat die produkte belastingvry is en dus vir buitelandse markte bestem is.

Die smokkelaars van hierdie produkte het egter die etikette van die bottels verwyder en vervang; ook in sommige gevalle die bottelproppe vervang en die lotkodes van die bokse verwyder.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat die smokkelaars van die onwettige drank die plaaslike industrie skade berokken het gedurende 'n tyd wat Covid-bepenkings duidelik die industrie aansienlik belemmer het.

“Sulke kriminele optrede sal nie geduld word nie maar streng aangespreek word, en diegene betrokke in sodanige smokkelnetwerke sal vervolgt word. SARS het die mandaat om onwettige handeldryf te beveg en hierdie bedrywighede is duidelik onwettig en onregverdig kompetisie vir die plaaslike industrie.

Ons is daartoe verbind om dit moeilik en duur te maak vir enige belastingpligtige of handelaar wat nie die belasting- of doeanewette van hierdie land nakom nie. Daarom wil ek erkenning gee aan die ondersoekers en hulle bedank vir hulle deursettingsvermoë en volharding in hierdie aangeleentheid.”

Vir meer inligting, kontak [SarsMedia@sars.gov.za](mailto:SarsMedia@sars.gov.za).